

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Parashah 21: Ki Tisa (כִּי תִּסָּא): Oplig

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê*: “As jy die volle getal van die kinders van Yisra’el opneem om hulle te tel, moet elke man loskoopgeld vir sy lewe aan יהוה gee wanneer hulle getel word sodat daar geen plaag onder hulle sal wees wanneer hulle getel word nie. Ex. 30:11 en 12 – PWL¹

Torah: Exodus 30:11 tot 34:35

Haftorah: 1 Kon. 18:1 tot 39

Hernieuwe Verbond: Hand. 7:39 tot 42; Hand. 17:29 tot 31; 1 Kor. 6:9 tot 11; 1 Kor. 10:1 tot 13; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Heb. 3:1 tot 6; Heb. 4:9

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 20 wat afgelaai kan word by: [Parashah21Notas14](#) of deur dit aan te vra by kontak@nuwelielied.info.

People do not believe lies because they have to, but because they want to! – Malcolm Muggeridge

Midrash (Torah Bespreking)

Afgesonderde Salfolie

יהוה *het verder met Moshe gepraat en gesê*: “Vat vir jouself van die beste speserye: vyf honderd sikkels vloeibare mirre en die helfte soveel, twee honderd en vyftig sikkels, soet geurige kaneel en twee honderd en vyftig sikkels soet geurige kalmoes en vyf honderd sikkels kassie, volgens die sikkels van die Afgesonderde plek en 'n hin olyfolie en maak daarvan afgesonderde salfolie, 'n salfmengsel soos 'n salfmenger dit maak; dit sal 'n afgesonderde salfolie wees. Ex. 30:22 tot 25 – PWL.

Die Hebreeuse werkwoord vir *salf*, naamlik *om iemand te salf*, is *mashach* (מָשַׁח) en dit is ook die grondwoord vir *Messias*, *Die Gesalfde Een* (*Mashiach*). Volgens Strong's Hebrew and Greek Dictionaries (H4886) beteken *mashach* dan ook *om met olie gevryf te word*. Hierdie gedagte word ook vervat in die Grieks waar die woord *salwing* (*chrisma*), soos ondermeer in 1 Joh. 2:20 en 27 gebruik word, verwys na *olie*, *smeersel* en *om met olie gevryf te word*.

Die gebruik om iemand te salf deur olie op sy hoof te giet was simbolies van die inhuldiging of die ordinerings (bevestiging, inseëning, toewyding) van daardie persoon vir 'n spesifieke taak of roeping. In die Afgesonderde Skrifte lees ons dat priesters (Ex. 28:41; Ex. 30:30), konings (1 Sam. 10:1) en profete (1 Kon. 19:16) gesalf was en sodoende afgesonder was vir dienswerk in die gemeenskap en in YHVH se Koninkryk.

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch of kontak vir Gerrie Coetzee by padwlewe@yahoo.com.

Plekke en gebruiksartikels kan ook gesalf word wanneer dit afgesonder (geheilig, toegewy) word vir YHVH. So lees ons byvoorbeeld dat die bereide salfolie (Ex. 30:22 tot 25) gebruik was om die tent van samekoms (tabernakel) en alles wat daarin is te salf (Ex. 30:26 tot 28).

Dan moet jy die salfolie neem, en jy moet die tabernakel salf en alles wat daarin is, en dit heilig met alles wat daarby behoort; en dit sal heilig wees. Jy moet ook die brandofferaltaar salf met al sy gereedskap, en jy moet die altaar heilig, en die altaar sal hoogheilig wees. Salf dan die waskom en sy voetstuk, en heilig dit. Ex. 40:9 tot 11.

Die wesenlike verskil tussen Israel en ander volke was dat wanneer daar op YHVH se bevel 'n persoon gesalf was, het Hy ook daardie persoon deur die Afgesonderde Gees bemaagtig om die taak te kan verrig.

Toe vat Sh'mu'el die horing met olie en salf hom tussen sy broers en die Gees van יהוה het van dié dag af aan kragtig oor Dawid gekom. 1 Sam. 16:13 – PWL.

Die Gees van יהוה-God is op My omdat יהוה My gesalf het om goeie nuus te bring aan die geteisterdes; Hy het My gestuur om die gebrokene van verstand, wil en emosie op te bind, om vryheid vir die weggevoerde te verklaar en loslating vir gevangenes. Jes. 61:1 – PWL.

YHVH se gesalfde (*mashiach*) is dus 'n gevolmagtigde en 'n bemaagtigde leier! YHVH gee dus Sy gesalfdes die outoriteit en die vermoë om sy of haar roeping of bediening suksesvol uit te voer!

Elkeen wat met die hart (wil, denke, en emosie) glo, en met die mond bely dat Yeshua die Messias is, is deur YHVH gesalf.

En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly. 1 Joh. 2:27.

Jy en ek is as YHVH se gesalfde (*mashiach*) dus 'n gevolmagtigde en 'n bemaagtigde wat in die diens van ons Vader staan! As Sy gesalfdes het ons die outoriteit en die vermoë om ons roeping of bediening suksesvol uit te voer!

Hoewel ons as die gesalfdes van YHVH gereken word, is ons nie die titel van gesalfde waardig nie, want daar is slegs een aan wie hierdie titel gegee is, naamlik aan Yeshua! Hy is die Messias, Die Gesalfde Een van YHVH-God!

Die salwing van die priesters, konings en profete was 'n eenmalige gebeurtenis. So ook het ons die salwing in die vorm van die Afgesonderde Gees eenmalig ontvang. Daarom is die salwing nie iets wat kom en gaan nie. Nee, wat wel verander is die manifestasie daarvan in ons lewe volgens die omstandighede en behoeftes vir elke situasie.

In ons Torahskriflesing van hierdie week lees ons van die salfolie wat afgesonder vir YHVH was. Maar ons moet ook besef dat die gebruik van salf en olies deel was van Israel se daaglikse lewe. Hierdie salwe en olies het natuurlike bestanddele bevat en was vir higiëne en medisinale doel aangewend, asook vir die voorbereiding van die liggaam van afgestorwenes.

Olyfolie was die mees algemene olie wat deur Israel gebruik was. Ons is al vir 'n geruime tyd bekend met die gesondheidsvoordele van olyfolie as voedselbestanddeel. Daarom moet olyfolie deel van ons dieet uit te maak! Maar dit is onlangs dat die ander medisinale voordele van olyfolie toenemend ontdek en toegepas word.

Sekere essensiële olies² en ‘gomme’ (*resins*)³ met kosmetiese en medisinale eienskappe is dikwels ook met olyfolie vermeng en vir kosmetiese en vir genesende doeleindes aangewend. Alternatiewelik is die essensiële olies en gomme as sulks vir kosmetiese, maar veral vir medisinale doeleindes gebruik. Israel van ouds was, soos reeds genoem, bekend hiermee, asook met die alledaagse gebruik in elke huishouding en daarom lees ons daarvan in die Skrifte.

Essensiële olie is deur YHVH aan die mens as ‘medisyne’ gegee vir genesing en vir goeie gesondheid. Vandag word die waarde en alledaagse gebruik van essensiële olie deur YHVH se kinders as te ware herontdek!

In die lig hiervan kry teksverse soos Jak. 5:14 en 15 nuwe betekenis:

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep en laat hulle oor hom bid en hom in die Outoriteit en Karakter van ons Meester met olie salf en die gebed van vertrouwe sal die sieke gesond maak; ons Meester sal hom herstel en as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word (PWL).

Dit is hedendaagse gebruik om ‘n persoon wat siek is te salf deur ‘n druppeltjie olie op die voorkop te plaas en dan ‘n gebed te doen. Was dit wat Jakobus bedoel het in sy brief? Dink aan die betekenis van die woord *mashach* soos aan die begin verduidelik is, naamlik *om met olie gevryf (masseer) te word*. In sy artikel: *Die Naam - Kosbare Olie vir Geestelike Masseering*, skryf Johann Möller ondermeer die volgende aangaande genoemde teksvers:

In hierdie vers beteken "met olie gesalf" letterlik dat die persoon wat gesalf word 'n masseering ondergaan op die deel van sy liggaam wat ongesteld is. Dit behels dat 'n mengsel van noodsaaklike (Essential) olies aangewend word deur middel van die tegniek van masseering. Hierdie masseering met noodsaaklike olies was 'n algemene gebruik in Bybel tye wat so te sê geheel en al verlore geraak het in ons moderne tydperk.

*Betreffend die Naam, laat ons weer kyk na die instruksie van Jakob. Hy skryf: ...en laat hulle oor hom (die sieke) bid **nadat hulle hom in die Naam van die Meester met olie gesalf het**. Die instruksie is duidelik – voordat hulle vir die sieke gebid het, moes hulle hom **ers IN DIE NAAM van Meester YaHUSHA met olie masseer**. Die fisiese masseering met 'n spesiale olie of 'n mengsel van olies, het gepaard gegaan met die geestelike masseering met die geestelike **OLIE of SALF van ons Koning en Bruidgom se kosbare Naam**. Daarna het hulle vir die sieke gebid - en die gebed van die geloof sal die kranke red, en YaHUSHA sal hom oprig,*

Lees gerus hierdie artikel van Johann Möller, want dit bevat inligting en kennis wat nie net ‘nice to know’ is nie, maar dit het ongelooflike geestelike en fisiese voordele indien toegepas word. Die artikel kan afgelaai word deur op hierdie skakel te klik: [Kosbare Olie](#).

Die onderwerp van essensiële olie as salfolie en aroma, veral vir genesing en algemene gesondheid is baie omvattend en is rede vir verdere selfondersoek. Dit vorm deel van die feit dat ons liggaam ‘n tempel van die Afgesonderde Gees is en dat ons elkeen die verantwoordelikheid het om ons liggaam te versorg, veral deur die gebruik van natuurlike middels wat deur die Vader voorsien is.

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep is ‘n eeu-oue Joodse beginsel. In die verband het Rabbi Simeon gesê: *“What should a man do who goes to visit the sick? Answer: He who studies to restore the health of the body, should first lay the foundation in the health of the soul. The wise men have said, No healing is equal to that which comes from the word of God and prayer (Sepher Hachaiyim).*

² ‘n Eenvoudige definisie van ‘n essensiële olie is die ekstrak wat die ‘essensie’ (aftreksel) van die betrokke plant is, naamlik die belangrikste en mees effektiewe bestanddeel van daardie plant.

³ ‘n Eenvoudige definisie van ‘gomme’ (*resins*) is ‘n bestanddeel wat deur sommige plante uitgeskei word en dan as olie geëkstraheer word en daarom ook as essensiële olie beskou word. Die bekendste is wierrook en mirre.

Genesing met of sonder medikasie, en genesing met of sonder 'n chirurgiese ingreep, is altyd 'n genade gawe van YHVH!

Daarom moet die Skriftuurlik gebruik van essensiële olies en aromas nie verwar word met, of vervang word deur, alternatiewe 'New Age' terapeutiese praktyke nie. Ons moet altyd onthou dat YHVH is ons Geneesheer. Hy is ook YHVH-Rafa.

As julle getrou na die stem van יהוה, julle God, luister en doen wat reg is in Sy oë, luister na Sy opdragte en al Sy wette hou, dan sal Ek geneen van die siektes op jou lê wat Ek op die land van Mitzrayim gelê het nie, want Ek, יהוה, is die Een wat jou gesond maak.” Ex. 15:26 – PWL.

*'n Psalm van Dawid. Loof YHVH, o my siel, en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam! Loof YHVH, o my siel, en vergeet geneen van sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, **wat al jou krankhede genees**, wat jou lewe verlos van die verderf, wat jou kroon met goedertierenheid en barmhartighede, wat jou siel versadig met die goeie, sodat jou jeug weer nuut word soos dié van 'n arend. Ps. 103:1 tot 5*

'n Aangename Geur!

Die Afgesonderde Skrifte verwys na salf, salfolies en aromas in verskeie teksverse. So lees ons in hierdie week se parashah van die salfolie wat voorberei moes word om die priesters, die tabernakel en alles in die tabernakel mee te salf. Hierdie salfolie is YHVH se 'formule' waarop Hy die alleen 'patent' uitgeneem het en mag daarom vir geen ander doel aangewend word nie.

En jy moet met die kinders van Israel spreek en sê: Dit moet vir My 'n heilige salfolie wees in julle geslagte. Op geen mens se liggaam mag dit uitgegiet word nie; julle mag ook, na dieselfde voorskrif, so iets nie maak nie: heilig is dit; heilig moet dit vir julle wees. Elkeen wat so iets meng of iets daarvan aan 'n onbevoegde laat kom, moet uit sy volksgenote uitgeroei word. Ex. 30:31 tot 33.

Hierdie salfolie is 'n sinnebeeld van die afgesonderde Gees en is alleenlik bestem vir YHVH se koninklike priesterdom (1 Pet. 2:9). Op *shavuot* (pinksterdag) is die salfolie van die Afgesonderde Gees op die hoofde van die getroue volgelinge van Yeshua uitgegiet! Hierdie 'salfolie' gee 'n aangename geur af. Daarom skryf Paulus:

Dank aan God wat ons, altyd in eenheid met Die Gesalfde Een, 'n skouspel maak en deur ons, die aangename reuk van Sy kennis op elke plek bekend maak, want ons is die aangename soet geur in Die Gesalfde Een tot God onder die wat lewe het en onder die wat besig is om verlore te gaan. 2 Kor. 2:14 en 15 – PWL.

In ons Torahskrifkesing van hierdie week lees ons ook van die wierook wat voorberei moes word vir gebruik in die tabernakel.

Verder het YHVH vir Moses gesê: Neem vir jou speserye: storaksgom en naeltjies en gálbanum—speserye en ook suiwer wierook; alles in gelyke hoeveelhede, en maak daar reukwerk van, 'n mengsel soos die salfmenger dit maak, met sout gemeng, suiwer, heilig. En vrywe 'n gedeelte daarvan heeltemaal fyn, en sit 'n deel daarvan neer voor die Getuienis in die tent van samekoms, waar Ek met jou sal saamkom; hoogheilig moet dit vir julle wees. En die reukwerk wat jy moet maak – na dieselfde voorskrif mag julle vir julle nie maak nie; as iets heiligs aan YHVH moet dit vir jou wees. Elkeen wat so iets maak om daaraan te ruik, moet uit sy volksgenote uitgeroei word. Ex. 30:34 tot 38.

Hierdie wierook is elke oggend en aand op die smeulende kole van die reukaltaar deur Aäron aan die brand gestee.

Aharon moet elke oggend reukwerk van speserye daarop brand; wanneer hy die lampe doof, moet hy dit aan die brand steek en wanneer Aharon teen sonsondergang die lampe opsteek, moet hy dit brand

as 'n voortdurende reukwerk voor die Teenwoordigheid van יהוה; reg deur julle geslagte. Julle mag geen vreemde reukwerk of brandoffer of graanoffer daarop bring nie. Julle mag ook geen drankoffer daarop uitgooi nie. Ex. 30:7 tot 9 – PWL.

Yeshua se bereidwilligheid om Homself as offer en slagoffer vir ons te gee is soos die wierrook wat as lieflike geur voor God gebrand word.

Wees julle daarom nabootsers van God soos kinders vir wie Hy lief is en leef in liefde, net soos Die Gesalfde Een ons ook liefgehad het en Homself vir ons oorgegee het as 'n offer en slagoffer aan God tot 'n soet reuk. Efes. 5:1 en 2 – PWL.

Daarom: Vertroue in die versoeningswerk van Yeshua aan die folterpaal en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah is soos die wierrook wat op YHVH se reukaltaar gebrand word en 'n lieflike geur (aroma) afgee.

Mag ons hartsbegeerte ook wees om soos goud, wierrook en mirre vir ons koning te wees (Matt. 2:11). En mag ons ook soos baie kosbare nardussalf wees waarmee ons die voete van ons Koning salf sodat die hele huis van YHVH gevul mag word met die reuk van die salf (Joh. 12:3).

Ons word ook daaraan herinner om nie soos Nadab en Abihu vreemde reukwerk en vreemde vuur voor die aangesig van YHVH te bring nie, want dit sal ons geestelike dood beteken (Lev. 10:1)!!

Bepeins of Bespreek

1. In Jes. 45:1 word koning Kores van Persië YHVH se gesalfde genoem en tog was Kores 'n heidense koning! Beteken dit dat YHVH ook ongelowiges (heidene) kan salf en in Sy Raadsplan kan gebruik?
2. Mense kom dikwels vir gebed vir genesing sonder om bereid te wees om afstand te doen van hulle verkeerde eetgewoontes en ongesonde lewenstyl. Sal YHVH so 'n persoon genees? Het die mens 'n bydrae om te maak tot sy genesing en algemene gesondheid?
3. Lees weer 2 Kor. 2:14 tot 16, en veral vers 16 wat lees: *vir die laaste 'n reuk van die dood tot die dood, maar vir die eerste 'n reuk van die lewe tot die lewe*. Vir diegene wat verlore gaan, naamlik geestelik dood is, ruik ons soos die dood! Kan dit in verband gebring word met die wat ons vervolg omrede ons Torah-gehoorsaam is? Hoekom is ons nie vir hulle 'n lieflike geur nie?

-O-O-O-O-O-O-O-

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.